

RIVER COUNTY STOMP

THE DANCE ADVANTAGE Gekoreografeer deur Barry & Dari Anne Amato - 1/09

Musiek: "We're All Here" - van River County

32 telling / Hoog Beginner / 4 muur Lyn dans met 2 maklike "tags"

Ritme: Matige "Two Step" / RPM: 78 / Inleiding: 24 telling

Bewegende "weave" vorentoe, twee "stomps" op

- 1-4 Gee 'n tree skuins vorentoe op linkervoet na die linker hoek toe. (1). Kruis R voet agter L voet(2). Gee een tree vorentoe op die L voet (3). Gee 'n tree skuins vorentoe op R voet na die regter hoek toe. (4).
- 5-8 Kruis L voet agter R voet (5). Gee een tree vorentoe op R voet (6). "Stomp" L voet twee keer terwyl gewig gehou word op die R voet (7-8).

"Vine" met 'n ¼ draai, hou, "rock" en verplaas (kom terug), ½ draai/tree vorentoe, hou

- 1-4 Gee 'n tree links op die L voet (1). Kruis die R voet agter L voet(2). Maak 'n ¼ draai links met 'n tree vorentoe op die L voet(3). Hou (4).
- 5-8 "Rock"/Wieg vorentoe op R voet (5). "Recover"/verplaas (kom terug) die L voet in plek (6). Maak op met 'n ½ draai Regs and gee 'n tree vorentoe op die R voet (7). Hou (8).

"Vine" links, vorentoe "stomp" op, "vine" regs, vorentoe "stomp" op

- 1-4 Gee 'n tree na die linkerkant toe met die L voet (1). Kruis R voet agter L voet (2). Gee 'n tree na die linkerkant toe met die L voet (3). "Stomp" R voet vorentoe terwyl gewig gehou word op die L voet(4).
- 5-8 Gee 'n tree na die regterkant toe met die R voet (5). Kruis L voet agter R voet (6). Gee 'n tree na die regterkant toe met die R voet(7). "Stomp" L voet vorentoe terwyl gewig gehou word op die R voet(8).

Tree bymekaar, "stomp" op vorentoe, tree bymekaar, "stomp" op vorentoe "coaster", ½ "pivot draai

- 1-4 Sit die L voet langs die R voet(1). "Stomp" R voet vorentoe terwyl gewig gehou word op L voet(2). Sit die R voet langs die L voet (3). "Stomp" L voet vorentoe terwyl gewig gehou word op die R voet(4).
- 5-8 Gee 'n tree agtertoe op die L voet (5). Gee 'n tree agtertoe op die R voet en sit dit neer langs die L voet(6). Tree vorentoe op die L voet om die "coaster" klaar te maak(7). Met die gewig vorentoe op die L voet, maak 'n ½ "pivot" draai regs en skakel gewig oor na die R voet toe (8).

Begin die dans weer!

"Tag" 1 – 4 tellings

- 1-4 "Brush"/skuur die bal van die L voet vorentoe(1). "Brush"/skuur die bal van L voet terug en oor die R voet(2). "Tap"/Tik L voet oor R voet(3). Hou (4).

"Tag" 2 – 8 tellings

- 1-4 "Stomp" die L voet vorentoe (1). Trap met die L voet langs die R voet(2). "Stomp" die R voet vorentoe(3). Trap met die R voet langs die L voet (4).
- 5-8 "Brush"/Skuur die bal van die L voet vorentoe (5). "Brush"/skuur die bal van L voet terug en oor die R voet (6). "Tap"/Tik L voet oor R voet(7). Hou (8).

Patroon van die dans

32, 32, 4 telling "tag", 32, 32, 8 telling "tag", 32, 32, 32, 4 telling "tag", 32, 32, 32, 4 telling "tag", 32 (gewone patroon tot die einde van die dans) .